9.9.3	Die toergeld sluit vervoer soos gereël deur JSA en die Toerbestuur in.	The tour fee includes transportation as organized by JSA and the Tour Committee.
9.9.4	Indien JSA en die Toerbestuur 'n beampte of speler vra om sy voertuig beskikbaar te stel vir die vervoer van beamptes/spelers geld die volgende reëlings:	If JSA and the Tour Committee ask an official or player to make his vehicle available for the transport of officials/players the following procedure applies:
9.9.5	'n Kwotasie van die beampte/speler word verkry (met alle koste ingesluit soos brandstof, slytasie, tolgeld, doeanegeld en ander)	A quote is acquired from the official/player (with all costs included like fuel, wear, tolls, customs fees and other)
9.9.6	As die kwotasie aanvaar word, word dit deel van die totale toerbegroting	If the quotation is accepted it becomes part of the total tour budget.
9.9.7	Daar sal ook 'n kontrak opgestel word met persoon soos genoem in 9.9.3.	A contract will also be drawn up with the person as mentioned in 9.9.3.
9.9.8	Geen speler sal korting kry op toergeld as hy/sy eie vervoerreëlings (eie vervoer/vlieg) tref nie	No player will receive a discount on the tour money if he/she makes his/her own transport arrangements (own transport/air)
9.10	<i>Aanhangel 9.10: Finansiële Beleid</i>	<i>Appendix 9.10: Financial Policy</i>

9.10.1	Die volgende is die beleid rakende finansies van toere:	The following is the policy regarding finance of tours:
9.10.2	Elke speler/beampte sal by verkiesing/aanstelling 'n voorlopige toerkostebrief kry.	Each player/official will at selection/appointment receive a preliminary tour cost letter.
9.10.3	Die Toerbestuur moet so spoedig moontlik na die beplanningsvergadering die finale toerkoste verskaf.	As soon as possible after the planning meeting the Tour Committee must provide the final tour cost.
9.10.4	Toerkoste bestaan uit twee komponente	Tour costs consist of two components
9.10.5	Klere/toerusting	Clothing/accessories
9.10.6	Toerkoste (vervoer, verblyf, etes, onthale, toerboekies, medies, geskenke, foto's, koeldranke, ens.)	Tour costs (transport, accommodation, meals, entertainment, tour books, medical, gifts, photographs, soft drinks, etc.).
9.10.7	Elke speler/beampte het sewe dae om te bevestig dat hy/sy die toer meemaak sodat reserwes aangewys kan word. 'n Speler/beampte se bevestiging word ook gesien as 'n bevestiging dat hy/sy die finansiële verpligtinge kan nakom.	Each player/official has seven days to confirm that he/she will join the tour so that reserves can be designated. A player/official's confirmation is also seen as a confirmation that he/she can meet the financial obligations.
9.10.8	Alle finansiële verpligtinge wat 'n speler/beampte het, sal aan hom/haar voorsien word dmv 'n toerstaat.	All financial obligations that a player/official has will be provided to him/her through a tour statement.
9.10.9	Alle verpligtinge moet betaal wees by die aanvang van die toer	All obligations must be paid by the start of the tour
9.10.10	Slegs die Direksie van JSA kan spesiale reëlings tref rakende afbetaling. Geen lid van 'n Toerbestuur het die bevoegdheid om dit te reël nie.	Only the Board of JSA may make special arrangements regarding down payment. No member of a Tour Committee has the power to arrange it.
9.11	<i>Aanhangsel 9.11: Verblyfbeleid</i>	<i>Appendix 9.11: Accommodation Policy</i>
9.11.1	Die volgende beleid geld vir verblyf tydens toere:	The following policy applies to accommodation during tours:
9.11.2	Die Toerbestuur reël verblyf vir die hele toergroep by een plek waar moontlik.	The Tour Committee will organize accommodation for the whole squad at one place where possible.
9.11.3	Geen besoekers mag sonder toestemming van die Toerbestuur spelers/beamptes besoek tydens formele dele van die toerprogram nie.	No visitors are allowed to visit players/officials without permission of the Tour Committee during formal parts of the tour program.
9.11.4	Geen kuiery in kamers op 'n individuele basis nie.	No visiting in rooms on an individual basis.
9.11.5	Ondersteunersgroep sal deel gemaak word van die toerprogram.	Supporters Group will become part of the tour program.

	JSA MEESTERS: KOMITEE EN TOERNOOI	JSA MASTERS: COMMITTEE AND TOURNAMENT
1	Naam	Name
2	Doelstellings	Goals
3	Reikwydte van die Meesterskomitee	Range of the Masters Committee
4	Funksies	Functions
5	Bestuur	Management
6	Sekretariaat	Secretariat
7	Vergaderings	Meetings
8	Organisasie en Werksaamhede	Organization and Activities
9	Werksaamhede	Activities
10	Prosedures	Procedures
11	Verslagdoening	Reporting
12	Bywette	Bye-laws
13	Finansies	Finances
14	Affiliasie	Affiliation
15	Deelnemersfooi	Participant's fee
16	Fondse	Funds
17	Begroting	Budget
18	Erelede	Honorary Members
19	Wysigings	Amendments
20	Ontbinding van Komitee	Dissolution of Committee

1	NAAM	NAME
	Die naam van die Komitee sal wees Jukskei SA MEESTERSKOMITEE (JSA-MK) .	The name of the Committee will be Jukskei SA MASTERS COMMITTEE (JSA – MC)
2	DOELSTELLINGS	GOALS
2.1	Die doel van die JSA Meesterskomitee, (hierna bekend as JSA-MK) is die oorkoepelende Komitee wat die JSA Meesterstoernooi organiseer.	The purpose of the JSA Masters Committee, (hereafter known as JSA-MC) is the umbrella Committee that organizes the JSA Masters Tournament.
3	REIKWYDTE VAN DIE JSA-MK	RANGE OF THE JSA-MC
3.1	JSA-MK is 'n volwaardige subkomitee van die Direksie van Jukskei SA as deel van die Portefeulje Deelname en is onderhewig aan JSA se Statute.	JSA-MC is a full-fledged subcommittee of the Board of Jukskei SA as part of the Portfolio Participation and is subject to the JSA's Rules.
3.2	Die JSA-MK bestuur	The JSA-MC management
3.2.1	oorkoepelende aangeleenthede rakende deelname van Meesters aan die JSA Meesterstoernooi.	overarching issues affecting participation of Masters in the JSA Masters Tournament
3.2.2	die belange van Jukskei SA by 'South African Masters Sport Association (SAMSA)' wat nasionaal sportaktiwiteite vir Meesters verteenwoordig	the interests of Jukskei SA at 'South African Masters Sports Association (SAMSA)' who represents national sports activities for Masters
4	FUNKSIES	FUNCTIONS

4.1	Die JSA-MK sal die volgende funksies in die bestuur van jukskei as sport vervul:	The JSA-MC will perform the following functions in the management of jukskei as sport:
4.1.1	Neem verantwoordelikheid vir die totale organisasie van die jaarlikse JSA Meesterstoernooi, en doen jaarliks verslag aan die Direksie van Jukskei SA via die Direkteur Deelname van Jukskei SA.	Takes responsibility for the overall organization of the annual JSA Masters Tournament, and annually reports to the Board of Jukskei SA through the Director of Participation of Jukskei SA.
4.1.2	Neem die verantwoordelikheid vir die aanwys van die JSA Meesterspanne tydens die JSA Meesterstoernooi;	Takes responsibility for the selection of the JSA Master teams during the JSA Masters Tournament;
4.1.3	neem verantwoordelikheid vir die organisering van gepaardgaande toere wat uit die JSA Meesterstoernooi kan voortvloei.	Takes responsibility for the organization of accompanying tours that may arise from the JSA Masters Tournament.
5	BESTUUR	MANAGEMENT
5.1	Die Bestuur van JSA-MK bestaan uit DRIE lede waarvan alle lede geregistreerde en geaffilieerde lede van JSA moet wees.	The Management of JSA – MC consists of THREE members who have to be registered and affiliated members of JSA.
5.2	Die Bestuur dien vir 'n termyn van drie jaar waarna alle Bestuurslede weer verkiesbaar is vir 'n tweede termyn in dieselfde pos.	The Committee serves for a term of three years after which all Committee members are eligible again for a second term in the same position.
5.3	Indien enige lid vir langer as twee termyne in dieselfde pos verkies is, moet grondige redes aan die Ledevergadering verskaf word.	If any member is elected for more than two terms in the same position, valid reasons must be given to the Members' Meeting.
5.4	Die Bestuur word tydens 'n Ledevergadering verkies uit nominasies wat 21 kalenderdae voor die vergadering aan lede gesirkuleer is.	Management is elected during a Members' Meeting from nominations which were circulated to members 21 calendar days before the meeting.
5.5	Die Bestuur bestaan uit die volgende portefeuljes:	The Committee consists of the following portfolios:
5.5.1	Voorsitter	Chairperson
	Die Voorsitter/Afgevaardigde van JSAMK verteenwoordig JSA op SAMSA Bestuur.	The Chairman/Delegate of JSAMC represents JSA on SAMSA Management.
5.5.2	Ondervoorsitter	Vice-Chairperson
	Is verantwoordelik vir die algemene logistieke organisering van die JSA Meesterstoernooi asook seremoniële funksies van die JSA Meesterstoernooi.	Is responsible for the organization of the overall logistics for the JSA Masters Tournament and ceremonial functions of the JSA Masters Tournament.
5.5.3	Sekretaris/Tesourier	Secretary/Treasurer
	Die Sekretaris/Tesourier/Toernooidirekteur is verantwoordelik vir die algemene administrasie, finansies en algemene logistieke organisering van die SA Meesterstoernooi asook seremoniële funksies van die betrokke toernooi en is behulpzaam met alle reëlings van die toernooi.	The Secretary/Treasurer is responsible for the general administration, finance and overall logistical arrangements of the JSA Masters Tournament as well as the ceremonial functions of the JSA Masters Tournament and assists with all arrangements of the JSA Masters Tournament.
5.6	Die Komitee word bygestaan deur twee ad hoc-lede , naamlik:	The Committee is assisted by two ad hoc members , namely:
5.6.1	Direkteur Deelname (JSA Direksie)	Director Participation (JSA Board)

	Is verantwoordelik vir die bestuur van reëlings en skakeling met die JSA Direksie. Hierdie persoon sal ook behulpsaam wees met die saamstel van keuringsadvieskomitees en ander funksies tydens die toernooi.	Is responsible for the management of arrangements and liaison with the JSA Board. This person will also assist in the compilation of selection advisory committees and other functions during the tournament.
5.6.2	Direkteur Kommunikasie Is verantwoordelik vir alle kommunikasie en skakeling met die media.	Director Communication Is responsible for all communication and liaison with the media.
5.7	Vereistes van Bestuurslede	Requirements of Committee Members
5.7.1	Enige lid van die Bestuur wat vir meer as drie agtereenvolgende vergaderings nadat daar behoorlik kennis gegee is sonder grondige redes afwesig is van bestuursvergaderings se lidmaatskap van die Bestuur sal outomaties verval.	If any member of the Committee is absent from management meetings without valid reasons for more than three consecutive meetings after proper notice was given Membership of the Committee will automatically lapse.
5.7.2	Enige lid wat hul deur onbehoorlike gedrag tot nadeel van die Komitee of JSA skuldig maak se termyn/dienste kan onverwyld opgeskort word	The term/services of any member who is guilty of improper conduct which is detrimental to the Committee or JSA may be suspended forthwith.
5.8	Aanstellingsprosedure	Appointment Procedure
5.8.1	Skriftelike nominasies om bogenoemde ampte, behoorlik onderteken deur 'n Provinsie/Distrik se President en Direkteur Administrasie en op die Komitee se amptelike nominasievorm, moet die Sekretariaat ten minste 21 kalenderdae voor die datum waar die Ledevergadering plaasvind, bereik.	Written nominations for the above positions, duly signed by a Province/District President and Director of Administration and on the Committee's official nomination form, must reach the Secretariat at least 21 calendar days before the date that the Members Meeting takes place.
5.8.2	Slegs die huidige Bestuur as liggaam (nie die individuele lede daarvan nie), en Provinsie/Distrik (lede) wat voldoen aan die vereistes soos bepaal in die Statute van Jukskei SA mag nominasies indien.	Only the current Committee as a body (not the individual members thereof) and Province/District (members) that meet the requirements stipulated in the Statute of Jukskei SA may submit nominations.
5.8.3	Sou 'n vakature om welke rede ook al ontstaan, behou die JSA-MK Bestuur hulle die reg voor om 'n persoon te koöpteer ter vulling van die vakature tot en met die einde van die termyn. Die Bestuur sal 'n kortlys saamstel en in konsultasie met JSA Direksie die aanstelling bekragtig.	Should a vacancy for any reason whatsoever arises, the JSA-MC Management retains the right to co-opt a person to fill the vacancy until the end of the term. The Committee will compile a short list and in consultation with JSA Board confirm the appointment.
5.8.4	Enige lid van die Bestuur mag net twee termyne van drie jaar elk in dieselfde pos dien. Indien daar nie geskikte nominasies is nie, mag die lid hom/haar weer verkiesbaar stel. Sien bo en Artikel 5 van JSA Direksie se Reglement.	Any member of the Committee may each only serve two terms of the three years in the same post. If there are no suitable nominations, the member may be re-elected. See above and Article 5 of JSA Board's Regulation.
5.8.5	Alle aanstellings moet deur die Direksie van Jukskei SA bekragtig word. Die naam van die persoon sal dan aan die Provinsies/Distrikte versprei word.	All appointments must be ratified by the Board of Jukskei SA. The name of the person will then be distributed to the Provinces/Districts.
6	SEKRETARIAAT	SECRETARIAT

6.1	Die Sekretariaat is die administratiewe kern van die JSA-MK en het die volgende verantwoordelikhede:	The Secretariat is the administrative center of the JSA-MC and has the following responsibilities:
6.1.1	Samestelling, ontvangs en verspreiding van korrespondensie, kennisgewings, agendas en notules van vergaderings.	Compilation, receipt and distribution of correspondence, notices, agendas and minutes of meetings.
6.1.2	Kennisgewing van die vergaderings moet ten minste 21 kalenderdae voor die vergadering versprei word. (Bestuursvergaderings en Ledevergadering)	Notice of meetings must be distributed at least 21 calendar days before the meeting. (Committee Meetings and Members Meeting)
6.1.3	Uitstuur van nominasievorms vir vakante poste wanneer van toepassing.	Distribution of nomination forms for vacant posts when applicable.
6.1.4	Uitstuur van Ledevergadering se dokumente ten minste 21 kalenderdae voor die vergadering.	Distribution of documents for the Members Meeting at least 21 calendar days before the meeting.
6.1.5	Die ontvang en hantering van die geloofsbriewe tydens die vergaderings.	Receiving and handling of credentials during the meetings.
7	VERGADERINGS	MEETINGS
7.1	Ledevergaderings	Members Meetings
7.1.1	Die Ledevergadering vind plaas tydens die Meesterstoernooi.	The Members Meeting takes place during the Masters Tournament.
7.1.2	'n Toernooi terugvoer sessie kan tydens die toernooi gehou word om terugvoer van toernooi te bepaal onder voorsitterskap van die kampioenskap/ toernooivoorsitter.	A tournament feedback session could be held during the tournament to determine feedback of the tournament chaired by the championship/tournament chairman.
7.1.3	Die Ledevergadering vind jaarliks plaas en is die geleentheid waar die JSA-MK Bestuur met verteenwoordigers (geregistreeerde spelers) van elke Provinsie/Distrik asook lede van JSA vergader.	The Members Meeting is held annually and is the opportunity where the JSA-MC Management meets with representatives (registered players) of every Province/District as well as members of JSA.
7.1.4	Geloofsbriewe word deur alle verteenwoordigers aan die vergadering voorgelê	Credentials must be submitted to the meeting by all representatives.
7.1.5	Geen volmagstemme sal op die vergadering toegelaat word nie. a) Provinsies/Distrikte moet regstreeks deur Provinsiale/Distrik verteenwoordigers verteenwoordig word en nie deur plaasvervangers nie.	No proxies will be allowed at the meeting. a) Provinces/Districts must be directly represented by Provincial/District representatives and not by substitutes.
7.1.6	Die doel van die Ledevergadering sal wees om aanbevelings te doen vir die Bestuur, besprekings- en beskrywingspunte te formuleer vir die Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA en om belangrike sake met die lede te kommunikeer.	The purpose of the Members Meeting will be to make recommendations for the Management, formulate discussion points and motions for the Annual General Meeting of Jukskei-SA and to communicate important issues with the members.
7.2	Bestuursvergaderings/virtuele vergaderings - 'n minimum van drie vergaderings per jaar moet gehou word.	Committee meetings/virtual meetings - a minimum of three meetings to be held annually.
7.2.1	Vergaderings van die Bestuur sal deur die Sekretariaat in oorleg met die Voorsitter op 'n tyd en plek geskeduleer word wanneer dit vir die meerderheid van die Bestuur	Meetings of the Committee shall be scheduled by the Secretariat in consultation with the President at a time and place when it will be convenient for the

	gerieflik sal wees om die vergadering by te woon.	majority of the Committee to attend the meeting.
7.2.2	'n Kworum vir 'n vergadering van die Bestuur sal uit die helfte van gevulde poste plus een bestaan.	A quorum for a meeting of the Committee will consist of half of the filled posts plus one.
7.2.3	Besluite van die Bestuur moet binne drie weke nadat dit geneem is, aan die verskillende Provinsies, Raadskomitees, Uitvoerende Bestuur, Direksie van Jukskei SA en Distrikte (waar van toepassing op Distrikte) bekend gemaak word.	Decisions of the Committee must be made known to the various Provinces, Board Committees, Executive Committee, Board of Jukskei SA and Districts (where applicable to Districts) within three weeks after they were taken.
8	OUDERDOM	AGE
8.1	Die ouderdomsgrens vir deelname aan die Meesters is Mans 50 jaar en ouer en Vroue 45 jaar en ouer.	The age limit for participation in the Masters is: Men must be 50 years and older and Women 45 years and older.
9	ORGANISERING EN WERKSAAMHEDE	ORGANIZATION AND ACTIVITIES
9.1	Werkzaamhede	Activities
9.1.1	Behandeling van die volgende verslae:	Discussion of the following reports:
9.1.1.1	Voorsittersverslag: Die Voorsitter stel jaarliks 'n verslag van die werkzaamhede van die Komitee op wat aan die Direkteur Administrasie, asook Direkteur Deelname van Jukskei SA voorsien word vir insluiting in die Algemene Jaarvergaderingstukke van Jukskei SA.	President's Report: The President compiles an annual report of the activities of the Committee and submits it to the Director of Administration, as well as the Director of Participation of Jukskei SA for inclusion in the Annual General Meeting Pieces of Jukskei SA.
9.1.2	Behandeling van die volgende punte: Voorgestelde beskrywings-/ besprekingspunte moet voor of op 'n datum soos deur die bestuur bepaal, die Sekretaris van die Komitee bereik;	Discussion of the following points: Proposed discussion points and motions should reach the Secretary of the Committee before or on a date set by the management;
9.1.3	Sake in belang van die Komitee Sake wat deur Jukskei SA se Direksie/Uitvoerende Bestuur/Algemene Jaarvergadering na die Ledevergadering verwys is.	Matters concerning the Committee Matters referred to the Members Meeting by Jukskei SA Board/Executive Committee /Annual General Meeting.
9.2	Prosedures	Procedures
9.2.1	Die kworum van die Ledevergadering is die helfte plus een van die stemgeregtigdes van die Provinsies teenwoordig.	The quorum of the Members Meeting is half plus one of the voting members of the Provinces present.
9.2.2	Alle beslissings van die Komitee geskied deur 'n meerderheid van stemme van die lede teenwoordig. Stemming geskied deur die opsteek van hande, met dien verstande dat waar oor persone besluit moet word, per geslote stembrief gestem moet word.	All decisions of the Committee are conducted by a majority vote of the members present. Voting takes place by a show of hands, with the proviso that when persons are concerned there has to be voted by secret ballot.
9.2.3	Die Voorsitter het op alle vergaderings 'n beslissende sowel as 'n gewone stem en hy moet by staking van stemme oor enige voorstel, anders as by die verkiesing van 'n persoon, sy beslissende stem uitbring.	At all meetings the President has a casting as well as a deliberative vote and he must, at equality of votes on any proposal other than the election of a person, cast his deciding vote.

	a) In gevalle van staking van stemme waar persone verkies moet word, sal die lot gewerp word.	a) In cases of equality of votes where persons have to be elected, the lot will be cast.
9.2.4	Die volgende persone het stemreg op Ledevergaderings:	The following persons have the right to vote on Members' Meetings:
9.2.4.1	alle lede van die Bestuur	All members of the Committee
9.2.4.2	Distrikte/Provinsies teenwoordig by die toernooi het elk twee stemgeregigde afgevaardigdes	District/Provinces present at the tournament each have two delegates with voting rights
9.2.4.3	Geen spelerverteenwoordiger	No player representative
9.2.5	Die notule van die Ledevergadering moet binne 21 kalenderdae in oorstemming met vergaderingbesluite Artikel 6.2.3 na die afloop van die Ledevergadering, aan die Provinsie en Direkteur Deelname uitgestuur word.	The minutes of the Members Meeting must be sent to the Province and Director Participation, within 21 calendar days in line with meeting decisions Article 6.2.3 after the conclusion of the Members Meeting.
10	VERSLAGDOENING	REPORTING
10.1	Alle verslae en/of versoeke vanaf die Komitee na Provinsies en buite-instansies sal via die Sekretaris na JSA se Direkteur Administrasie gestuur word vir versending.	All reports and/or requests from the Committee to Provinces and external institutions will be sent through the Secretary to JSA's Director of Administration for distribution.
10.2	Ander korrespondensie soos interne skrywes tussen Bestuurslede moet via die Sekretariaat geskied.	Other correspondence like internal correspondence between Committee members must go through the Secretariat.
11	HUISHOUDELIKE REËLS	CONDUCT RULES
11.1	Die volgende Huishoudelike Reëls is van toepassing tydens die JSA Meesterstoernooi.	The following Conduct rules apply during the JSA Masters Tournament
11.1.1	Daar sal tien minute gewag word indien 'n span met die blaas van die aanvangsfluitjie nie op die baan is nie.	A team will only wait for ten minutes for the opposing team after the whistle has blown.
	a) 'n Span is verplig om deel te neem wanneer hulle bestaan uit een minder as die wedstrydvereiste.	a) A team is compelled to participate when they consist of one less player than the match requirements.
11.1.2	'n Skeidsregter wat aan diens is gedurende die toernooi en lid is van 'n span mag nie as skeidsregter binne daardie wedstryd optree nie.	An umpire on duty during the tournament and who is a member of a team may not act as an umpire in that match.
11.1.3	Die volgende wedstrydtye mag nie oorskry word nie:	The following match times may not be exceeded:
	a) Meesters en Groot Meesters: 60-75 minute	a) Masters and Grand Masters 60-75 minutes
	b) Veterane: 45-60 minute	b) Veterans: 45 – 60 minutes
	NOTA: Verkieslik moet die wedstryde tydens die SA Meesters nie meer as 1 uur (60 min) wedstryde wees nie en nie meer as vyf wedstryde per dag insluit nie	NOTE: Preferably, the matches at the SA Masters should be no longer than one hour (60 minutes) games and not include more than five games per day
11.1.4	Nasionale spelers en SA Senior Kampioenskap spelers mag in die A of B Afdeling speel, met vergunning van slegs EEN SA Kampioenskap speler of EEN	National players and SA Senior Championship players may play in the A or B Division, with the permission of only ONE SA Championship player or ONE National

	Nasionale speler in 'n span in die C Afdeling. Nie van toepassing op Distrik/Provinsie wat van bo af vol inskryf nie.	player in a team in the C Division. Not applicable to District/Province that enters full teams from the top.
12	FINANSIES	FINANCES
12.1	Affiliasiegeld	Affiliation Fees
	Lede (Provinsies en Assosiaat Liggame) affilieer jaarliks by JSA en verkry outomaties lidmaatskap om aan die werksaamhede van die JSA-MK deel te neem.	Members (Provinces and Associate Bodies) affiliate annually with JSA and gain automatic membership to participate in the activities of the JSA-MC.
12.2	Fondse	Fund
	Die algemene fondse van die Komitee word deur die algemene rekening van JSA bestuur.	The general funds of the Committee are managed by the general account of JSA.
12.2.1	Algemene fondse deur die Komitee ontvang, word in 'n rekening van Jukskei SA by 'n finansiële instelling wat deur die AJV van Jukskei SA aangewys word gedeponeer en deur die Bestuur van die JSA-MK beheer en aangewend.	General funds received by the Committee, are deposited into an account of Jukskei SA at a financial institution designated by the AGM of Jukskei SA and controlled and used by the Management of the JSA-MC.
12.2.2	Uitbetalings word gedoen op die voorgeskrewe eisvorm van JSA en word deur die Voorsitter van die JSA-MK geteken en aan die Direkteur Administrasie van Jukskei SA gestuur vir betaling. Die Uitvoerende Bestuur sal dan die transaksie magtig en die betaling doen.	Payments are made on the official claim form of JSA and is signed by the Chairman of the JSA-MC and sent to the Director of Administration Jukskei SA for payment. The Executive Committee will then authorize the transaction and make payment.
12.2.3	Die Bestuur behartig JSA-MK se finansies ooreenkomstig 'n goedgekeurde begroting.	The Committee manages JSA-MC's finances in accordance with an approved budget.
12.2.4	Die oudit ressorteer onder Jukskei SA.	The audit comes under Jukskei SA.
12.3	State	Statements
	Die finansiële state en die begroting van die Komitee word tydens die Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA hanteer	The financial statements and the budget of the Committee are discussed at the Annual General Meeting of Jukskei SA.
12.4	Begroting	Budget
	Die volgende items sal staande uitgawes wees waarvoor begroot moet word:	The following items will be fixed expenses which must be budgeted for:
12.4.1	Reiskoste en Dagtoelae, (ingesluit skeidsregters en omroeper), soos deur JSA bepaal, sal geëis word op die toepaslike vorm na voltooiing van die toernooi en soos per begroting goedgekeur.	Travel costs and Daily allowances, (including umpires and announcer), as determined by JSA will be claimed on the appropriate form after completion of the tournament and as approved by the budget.
13	ERELEDE	HONORARY MEMBERS
13.1	Die JSA-MK het die reg om Erelede aan te wys.	The JSA-MC has the right to appoint Honorary members.
13.2	Erelede mag nie drie lewende lede oorskry nie.	Honorary members may not exceed three living members.
14	WYSIGINGS	AMENDMENTS
14.1	Wysigings aan hierdie Reglement moet deur middel van 'n Beskrywingspunt voor die	Amendments to this Regulation must be submitted to the Secretariat of the

	datum soos uitgestuur deur die Direkteur Administrasie JSA, by die Sekretariaat van die Komitee ingedien wees, sodat die voorstel op die sakelys geplaas kan word.	Committee through a Motion before the date stated by the Director of Administration JSA so that the proposal can be placed on the agenda.
14.2	'n Voorstel kan slegs deur 'n twee-derde meerderheid op 'n Ledevergadering aanvaar word.	A proposal can only be adopted by a two-thirds majority at a Members Meeting.
14.3	Daarna sal dit as 'n beskrywingspunt aan Jukskei SA gestuur word vir hantering tydens die volgende Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA.	Then it will be sent to Jukskei SA as a motion for discussion at the next Annual General Meeting of Jukskei SA
	Na aanvaarding deur die AJV sal die wysiging in werking gestel word.	After acceptance by the AGM, the change will be implemented.

Meesters Bywet/Bylaw 1

	SA Meesterstoernooi: Pligtestaat	SA Masters Tournament: Job Description
1	Die komitee is jaarliks verantwoordelik vir die reël van die SA Meesterstoernooi	The Committee is annually responsible for organizing the SA Masters Tournament
2	Deelname aan die toernooi geskied by wyse van uitnodigings aan die onderskeie Provinsies, Assosiaat Liggame asook Namibië.	Participation in the tournament is by means of invitation to the various Provinces, Associate Bodies as well as Namibia.
3	Sou daar nie voltallig ingeskryf word nie, word daar sover moontlik van ekstra spanne gebruik gemaak, anders word dit as 'n loslooitjie hanteer tydens die betrokke toernooi.	If there is not a full interest in entries, extra teams are used as far as possible otherwise it is regarded as a bye during the event in question.
4	Daar word 'n Driespel kompetisie aangebied. Die Driespel kampioenskap word aangebied waar spanne in afdelings soos ingeskryf vir Meesterstoernooi sal deelneem. Hierdie punte vorm deel van die groot totaal.	A Trips competition will be played. The Trips championship will be played where teams will participate in divisions as entered for the Masters tournament. These points form part of the grand total.
5	Geen Internasionale Toetse word gespeel nie, maar 'n SA Meesterspan neem deel teen 'n span van Namibië in 'n vertoonwedstryd, waartydens die lande se onderskeie volksliedere gespeel word.	No International Tests are played but a SA Masters Team competes against a team from Namibia in an exhibition match, where the countries' respective national anthems are played.
6	Die volgende spanne word tydens die SA Meesters Toernooi verkies:	The following teams are selected during the SA Masters Tournament:
	a) Die JSA Meesters Manspan	a) The JSA Masters men's team
	b) Die JSA Meesters Vrouespan (45 – 60)	b) The JSA Masters Women's Team (45 – 60)
	c) Die JSA Groot Meesters Manspan	c) The JSA Grandmasters men's team
	d) Die JSA Groot Meesters Vrouespan	d) The JSA Grandmasters Women's Team
	e) Elke span bestaan uit vyf spelers en 'n Afrigter	e) Each team consists of five players and a Coach
	f) Spanbestuurders sal na gelang van die behoefte aangewys word	f) Team managers will be appointed as the need arises.
6.1	Geen toegewings sal gemaak word in verband met ouderdomsgrense nie. Indien 'n speler tydens die SA Meesters Kampioenskappe van daardie seisoen die ouderdom van 50 jaar of 45 jaar respektiewelik bereik, sal hy/sy toegelaat word om aan die toernooi deel te neem en kwalifiseer hy/sy dus ook om vir die Meesters en Groot Meesterspanne gekies te word.	No concessions will be made regarding age limits. If a player turns 50 years or 45 years respectively during the SA Masters Championships of that year, he/she will be allowed to participate in the tournament. These members also qualify to be selected for the Masters and Great Masters teams.
7	Die onderskeie Proefspanne moet ook aan die Direksie voorgelê word voor die aankondiging daarvan.	The respective Trial teams must also be submitted to the Board of Directors before the announcement thereof.
8	SA Meesterspanne en Beamptes word aan die UB van JSA voorgelê vir bekragtiging sodat Korporatiewe Kleure aan hulle toegeken kan word.	SA Masters teams and Officials are submitted to the EC of JSA for ratification so that Corporate Colours can be assigned to them.

9	'n Uitnodiging aan Namibië vir deelname aan die toernooi en vertoonwedstryd word via die IJF en JSA hanteer.	An invitation to Namibia to participate in the tournament and exhibition match is managed through the IJF and JSA.
10	Die beskikbaarstelling van 'n geskikte persoon wat verantwoordelik sal wees vir die opneem van en beskikbaarstelling van alle punte na afloop van elke dag se spel en aan die einde van die toernooi.	The availability of a suitable person who will be responsible for recording and the release of all points after each day's play and at the end of the tournament.
11	Die aanstelling van Skeidsregters deur die Skeidsregterskomitee is verpligtend, asook van 'n mediese persoon deur die komitee.	The appointment of Umpires by the Umpires Committee is compulsory, as well as a medical person by the committee.
12	Die beskikbaarstelling van 'n geskikte persoon wat verantwoordelik sal wees vir die hantering van die mikrofoon.	Making available a suitable person who will be responsible for handling the microphone.
13	<p>Daar sal jaarliks om die volgende trofeeë meegeding word:</p> <p>SPAN: A - Afdeling: Neels Botes B - Afdeling: Bossie Liebenberg C - Afdeling: André Strauss D - Afdeling: Daan Oosthuizen E - Afdeling: Pruimpie Botha</p> <p>DRIESPEL: A - Afdeling: Jukskei Park B - Afdeling: Pruimpie Botha C - Afdeling: Pruimpie Botha D - Afdeling: Trophy and Gift Centre E - Afdeling: Stoffel Prinsloo</p> <p>GESAMENTLIKE TROFEE: Boetie Pienaar</p> <p>Die Afdelings mag gemeng wees, maar nie noodwendig nie.</p>	<p>The following trophies will be competed for annually:</p> <p>TEAM: A - Division: Neels Botes B - Division: Bossie Liebenberg C - Division: André Strauss D - Division: Daan Oosthuizen E - Division: Pruimpie Botha</p> <p>TRIPS: A - Division: Jukskei Park B - Division: Pruimpie Botha C - Division: Pruimpie Botha D - Division: Trophy and Gift Centre E - Division: Stoffel Prinsloo</p> <p>JOINT TROPHY: Boetie Pienaar</p> <p>These Divisions may be mixed, but not necessarily.</p>

BYLAE/ANNEXURE E

	SA SENIOR AKADEMIE KOMITEE EN TOERNOOI	SA SENIOR ACADEMY COMMITTEE AND TOURNAMENT
	INDEKS	INDEX
1	NAAM	NAME
2	DOELSTELLINGS	GOALS
3	REIKWYDTE VAN DIE SA SENIOR AKADEMIE KOMITEE	RANGE OF THE SA SENIOR ACADEMY COMMITTEE
4	FUNKSIES	DUTIES
5	BESTUUR	MANAGEMENT
6	SEKRETARIAAT	SECRETARIAT
7	VERGADERINGS	MEETINGS
8	ORGANISASIE EN WERKSAAMHEDE	ORGANIZATION AND ACTIVITIES
8.1	Werkzaamhede	Activities
8.2	Prosedures	Procedures
9	VERSLAGDOENING	REPORTING
10	BYWETTE	BYE-LAWS
11	FINANSIES	FINANCES
11.1	Affiliasie	Affiliation
11.2	Deelnemersfooie	Participants Fee
11.3	Fondse	Funds
11.4	Begroting	Budget
12	ERELEDE	HONORARY MEMBERS
13	WYSIGINGS	AMENDMENTS
14	ONTBINDING VAN KOMITEE	DISSOLUTION OF COMMITTEE

1	NAAM	NAME
	Die naam van die liggaam is die SA SENIOR AKADEMIE Jukskeikomitee.	The name of the body is the SA SENIOR ACADEMY Jukskei Committee.
1.1	Kleure	Colours
	Die kleure van die Komitee is blou en rooi.	The colours of the Committee are blue and red.
1.2	Embleem	Emblem
	Die Korporatiewe Embleem van Jukskei SA met die bewoording 'SA SENIOR AKADEMIE' daaronder.	The Corporate Emblem of Jukskei SA with the words: 'SA SENIOR ACADEMY' underneath.
2	DOELSTELLINGS	GOALS
2.1	Die doelstelling van die Komitee is om:	The goal of the Committee is to:
2.1.1	Enige stappe te doen om die spel te bevorder, solank sodanige stappe nie met die Statuut van Jukskei SA indruis nie.	Take any steps to promote the game, as long as such action does not interfere with the Statute of Jukskei SA.
2.1.2	Die spel onder alle B- en C-ligaspelers uit te bou en geleenthede te skep vir B- en C-ligaspelers om jukskei te speel.	To promote the game with all B- and C-league players and create opportunities for B- and C- league players to play jukskei.
3	REIKWYDTE VAN DIE SA SENIOR AKADEMIE JUKSKEIKOMITEE	RANGE OF THE SA SENIOR ACADEMY JUKSKEI COMMITTEE
3.1	Die SA SENIOR AKADEMIE Jukskeikomitee is 'n volwaardige subkomitee van Jukskei Suid-	The SA SENIOR ACADEMY Jukskei Committee is a full-fledged subcommittee of the Board of Jukskei South Africa

	Afrika se Direksie (hierna JSADIR) en is onderhewig aan JSA se Statute.	(hereafter JSAB) and is subject to the Statute of JSA.
3.2	Die Komitee het geen regs persoonlikheid nie en tree slegs as koördinerende liggaam op.	The Committee has no legal personality and only acts as a coordinating body.
3.3	Die magte van die Komitee word onder leiding van JSA Direkteur Deelname aan hom toegestaan.	The powers of the Committee are granted under the leadership of JSA Director Participation.
3.4	Die SA SENIOR AKADEMIE Jukskeikomitee kan tydens sy Ledevergadering beskrywingspunte en besprekingspunte formuleer om te dien op die AJV van JSA.	The SA SENIOR ACADEMY Jukskei Committee may formulate resolutions and motions at its Members Meeting to serve on the AGM of JSA.
3.5	Provinsies en Assosiaat Liggame registreer by die SA SENIOR AKADEMIE komitee vir deelname aan die SA SENIOR AKADEMIE toernooi.	Provinces and Associate Bodies register with the SA SENIOR ACADEMY Committee for participation in the SA SENIOR ACADEMY tournament.
3.6	Die volgende spanne word tydens die SA Senior Akademie toernooi verkies:	The following teams are selected at the SA Senior Academy tournament:
3.6.1	Die volgende spanne word tydens die SA Senior Akademie Toernooi verkies: <ul style="list-style-type: none"> • SA Senior Akademie vroue indien daar 10 en meer spelers in die afdeling is • SA Senior Akademie mans indien daar 10 en meer spelers in die afdeling is • SA Senior Akademie mans Bo 50 indien daar 10 en meer spelers in die afdeling is • SA Senior Akademie mans Bo 60 indien daar 10 en meer spelers in die afdeling is 	The following teams will be selected at the SA Senior Academy Tournament: <ul style="list-style-type: none"> • SA Senior Academy women if there are 10 and more players in the division • SA Senior Academy men if there are 10 and more players in the division • SA Senior Academy men above 50 if there are 10 and more players in the division • SA Senior Academy men above 60 if there are 10 and more players in the division
3.6.2	Elke span bestaan uit vyf spelers en 'n afrigter	Each team consists of five players and a coach.
3.6.3	Spanbestuurders sal na gelang van behoefte aangewys word	Team Managers will be appointed as the need arises.
3.6.4	Spanne moet aangewys word volgens Klousule 15.3 van Reglement Deelname	Teams must be selected according to Clause 15.3 of Regulation Participation.
3.7	Alle spelers, uitsluitend spelers wat aan die vorige SA Kampioenskap in die A1 afdeling deelgeneem het, kwalifiseer om aan die SA Senior Akademie Toernooi deel te neem.	All players, excluding players who participated in the previous SA Championship in the A1 division, qualify to participate in the SA Senior Academy Tournament.
3.8	Lede van die Bestuur mag deelneem as speler aan die toernooi as hulle voldoen aan die vereistes van Bylae E van die Deelname Reglement.	Members of the Committee may participate as players in the tournament if they meet the requirements of Annexure E of the Participation Regulation.
	a) Sodanige deelname moet egter nie bots met die belange van die Komitee nie.	a) Such participation must not clash with the interest of the Committee.
4	FUNKSIES	DUTIES
4.1	Die SA SENIOR AKADEMIE Komitee:	The SA SENIOR ACADEMY Committee:
4.1.1	stel sy eie Bylae E van die Deelname Reglement op. Sodanige Bylae E van die	sets its own Annexure E of the Participation Regulation. Such an Annexure E of the

	Deelname Reglement mag nie bots met die Statute van Jukskei SA nie.	Participation Regulation may not be in conflict with the Statute of Jukskei SA.
4.2	kies sy eie ampsdraers met die bekragtiging van JSA Direksie.	choose its own officers with the ratification of JSA Board.
4.3	is verantwoordelik vir die reël van die SA SENIOR AKADEMIE Jukskeitoernooi.	Is responsible for the organization of the SA SENIOR ACADEMY Tournament.
4.3.1	se Toernooidirekteur, is verantwoordelik vir die reël van vermeldde toernooi in samewerking met die Direkteur Deelname van Jukskei SA.	Tournament Director is responsible for arranging said tournament in conjunction with the Director of Participation Jukskei SA.
4.4	is verantwoordelik vir die behoorlike byhou van verslae, die bestuur van die Komitee se geldsake, en die voorlegging van 'n begroting aan JSA en die Komitee se ledevergadering.	Is responsible for the proper maintenance of reports, the management of the Committee's finances, and the submission of a budget to JSA and the Committee's members meeting.
4.5	is verantwoordelik vir die instandhouding van al die trofeeë	Will be responsible for the maintenance of all the trophies
4.6	is verantwoordelik vir die aanwys van die Senior Akademiespanne tydens die SA Senior Akademie Toernooi.	is responsible for the appointment of the Senior Academy teams during the SA Senior Academy Tournament.
4.7	neem verantwoordelikheid vir die organisasie van gepaardgaande toere wat uit die SA SENIOR AKADEMIE Toernooi kan voortvloei.	takes responsibility for the organizing of accompanying tours that may arise from the SA SENIOR ACADEMY Tournament.
5	BESTUUR	MANAGEMENT
5.1	Die Bestuur van die SA SENIOR AKADEMIE Komitee bestaan uit drie lede waarvan alle lede geregistreerde en geaffilieerde lede van JSA moet wees.	Management of the SA SENIOR ACADEMY Committee consists of three members of whom all must be registered and affiliated members of JSA.
5.2	Die Bestuur dien vir 'n termyn van drie jaar waarna alle Bestuurslede weer verkiesbaar is vir 'n tweede termyn in dieselfde pos.	Management serves for a term of three years after which all Committee members are available for re-election for a second term in the same position.
5.3	Indien enige lid vir langer as twee termyne in dieselfde pos verkies is, moet grondige redes aan die AJV verskaf word.	If any member is elected in the same position for more than two terms, valid reasons are to be given to the AGM.
5.4	Die volgende bestuur word tydens 'n Ledevergadering verkies uit nominasies wat 21 kalenderdae voor die vergadering aan lede gesirkuleer word. Die bestuur bestaan uit:	The following committee is elected at a Members Meeting from nominations which were circulated to members 21 calendar days before the meeting. The board consists of:
5.4.1	'n Voorsitter	A Chairman
5.4.2	'n Ondervoorsitter	A Vice Chairman
5.4.3	Sekretaris/Tesourier	Secretary/Treasurer
5.5	Verantwoordelikhede van die SA SENIOR AKADEMIE Bestuur:	Responsibilities of the SA SENIOR ACADEMY Committee
5.5.1	Voorsitter	Chairperson
	Verantwoordelik vir skakeling	Responsible for liason
5.5.2	Ondervoorsitter:	Vice-Chairperson
	Verantwoordelik vir die algemene logistieke organisasie van die SA SENIOR AKADEMIE Toernooi asook seremoniële funksies van die SA SENIOR AKADEMIE Toernooi.	Responsible for the general logistical organization of the SA SENIOR ACADEMY Tournament as well as ceremonial

		functions of the SA SENIOR ACADEMY Tournament.
5.5.3	Sekretaris/tesourier	Secretary/treasurer
	Verantwoordelik vir die algemene administrasie en finansies.	Responsible for the general administration and finances.
5.5.4	Addisionele Lede	Additional Members
	Die Komitee word bygestaan deur twee ad hoc lede, naamlik:	The Committee is assisted by two ad hoc members, namely:
5.5.4.1	Direkteur Deelname (JSA Direksie)	Director Participation (JSA Board)
	Verantwoordelik vir die bestuur van reëlings en skakeling met die JSA Direksie. Hierdie persoon sal ook behulpsaam wees met die saamstel van keurkomitees en ander funksies tydens die toernooi.	Responsible for the management of arrangements and liaison with the JSA Board. This person will also assist in the compilation of selection committees and other functions during the tournament.
5.5.4.2	Direkteur Korporatiewe Kommunikasie (JSA Direksie)	Director Corporate Communication (JSA Board)
	Verantwoordelik vir alle kommunikasie en skakeling met Jukskeipark en buite instansies.	Responsible for all communication and liaison with Jukskei Park and outside institutions.
5.6	Vereistes van bestuurslede	Requirements of the committee members
5.6.1	Enige lid van die bestuur wat vir meer as twee agtereenvolgende vergaderings, nadat daar behoorlik kennis gegee is, sonder grondige redes afwesig is van bestuursvergaderings, se lidmaatskap van die bestuur sal outomaties verval.	The membership of any member of the committee who is absent from more than two consecutive management meetings, without valid reasons, after proper notice was given, shall automatically lapse.
5.6.2	Enige lid wat hul deur onbehoorlike gedrag, tot nadeel van die komitee of JSA skuldig maak, se termyn/dienste kan onverwyld opgeskort word.	Any member who is guilty of improper conduct, to the detriment of the committee or JSA, may have his term/services suspended forthwith.
5.7	Aanstellingsprosedure	Appointment Procedure
5.7.1	Skriftelike aansoeke om bogenoemde ampte, behoorlik onderteken deur 'n Provinsie/Assosiaat Liggaam se President en Direkteur Administrasie en op die Komitee se amptelike nominasievorm, moet die Sekretariaat ten minste 21 kalenderdae voor die datum waar die Ledevergadering plaasvind, bereik.	Written applications for the above positions, duly signed by the Province/ Associate Body's President and the Director Administration and on the Committee's official nomination form, must reach the Secretariat at least 21 calendar days before the date of the Members Meeting.
5.7.2	Slegs die huidige Bestuur as liggaam (nie die individuele lede daarvan nie), en Provinsie/Assosiaat Liggaam (lede) wat voldoen aan die vereistes soos bepaal in die Statute van Jukskei SA mag nominasies indien.	Only the current Management as a body (not the individual members thereof) and Province/Associate Body (members) who meet the requirements stipulated in the Statute of Jukskei SA may submit nominations.
5.7.3	Sou 'n vakature om welke rede ook al ontstaan, behou die SA Senior Akademie Bestuur, hulle die reg voor om 'n persoon te koöpteer ter vulling van die vakature tot en met die einde van die termyn. Die bestuur sal 'n kortlys saamstel en in konsultasie met die JSA Direksie die aanstelling bekragtig.	Should a vacancy for any reason whatsoever arises, the SA Senior Academy Committee retains the right to co-opt a person to fill the vacancy until the end of the term. Management will compile a shortlist and in consultation with the JSA Board confirm the appointment.
5.7.4	Enige lid van die bestuur mag net twee termyne van drie jaar in dieselfde pos dien.	Any member of the committee may serve only two terms of three years in the same

	Indien daar nie geskikte nominasies is nie, mag die lid hom/haar weer verkiesbaar stel. Sien bo en Artikel 5 van JSA Direksie se Reglement.	position. If there are no suitable nominations, the member may be available for re-election again. See above and Section 5 of the Regulation of JSA Board.
5.7.5	Alle aanstellings moet deur die Direksie van Jukskei SA bekragtig word. Die naam van die persoon sal dan aan die Provinsie/Assosiaat Liggaam versprei word.	All appointments must be ratified by the Board of Jukskei SA. The name of the person will then be distributed to the Province/Associate Body.
5.8	Die Bestuur het die mag om te eis dat die reëls van die spel, hierdie Bylae E van die Deelname Reglement, asook enige ander reëls in verband met Jukskei, stiptelik deur alle deelnemers en bestuurslede nagekom word.	Management has the power to demand that the rules of the game, this Annexure E of the Participation Regulation and any other rules regarding Jukskei must be promptly complied with by all participants and members of management
5.9	Die Bestuur mag wanneer die Ledevergadering nie in sitting is nie, besluite neem, in samewerking met Direkteur Deelname, wat nodig mag wees om die Komitee te bevorder.	When the Members Meeting is not in session Management, in collaboration with Director Participation, may take decisions that may be necessary to promote the Committee.
5.10	Die administrasie en bestuur van die Komitee berus in die hande van die Bestuur en hanteer alle sake deur die Ledevergadering aan hulle opgedra.	The administration and management of the Committee rest in the hands of the Management and they deal with all matters assigned to them by the Members Meeting.
5.11	Bestuursvergaderings word deur die Voorsitter in oorleg met die Sekretaris belê op 'n plek en tyd wat onder omstandighede die gerieflikste is.	Management meetings are convened by the President in consultation with the Secretary at a time and place under circumstances most convenient.
5.12	'n Kworum vir die Bestuur is drie lede.	A quorum for a Committee is three members
6		
6	SEKRETARIAAT	SECRETARIAT
	Die Sekretariaat is die administratiewe kern van die SA SENIOR AKADEMIE Komitee en het die volgende verantwoordelikhede:	The Secretariat is the administrative core of the SA SENIOR ACADEMY Committee and has the following responsibilities:
6.1	Samestelling, ontvangs en verspreiding van korrespondensie, kennisgewings, agendas en notules van vergaderings.	Compilation, receipt and distribution of correspondence, notices, agendas and minutes of meetings.
